# Sinonieme

Graad 4

## Wat is sinonieme?

Sinonieme is woorde wat min of meer dieselfde betekenis het. Hulle help ons om ons taal te verryk.





## Voorbeelde van sinonieme

| groot | bly | vinnig | mooi | heerlik |
|---|---|---|---|---|
| • enorm<br>• massief<br>• reusagtig | • gelukkig | • gou<br>• spoedig | • pragtig<br>• fraai | • lekker |

**Vraag 1: Pas die sinonieme bymekaar.**

**Pas die woord in Kolom A by die korrekte sinoniem in Kolom B.** [5]

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1. vriendelik | a. dikwels |
| 2. lekker | b. pragtig |
| 3. lelik | c. smaaklik |
| 4. gereeld | d. gaaf |
| 5. mooi | e. aaklig |




LIVEWORKSHEETS

## Vraag 2: Kies die regte sinoniem.

**Onderstreep die regte sinoniem vir die vetgedrukte woord.** **[5]**

1. Hy is baie **kwaad** (boos/gelukkig) oor die situasie.

   ______________________________

2. Die **juffrou** (meisie/onderwyseres) leer die kinders in die klas.

   ______________________________

3. Sy het **baie** (heelwat/geen) boeke by die biblioteek uitgeneem.

   ______________________________

4. Die hond is **groot** (klein/enorm) en sterk.

   ______________________________

5. Ek het 'n **huis** (kar/woning) in die stad.

   ______________________________

## Vraag 3: Vervang die vetgedrukte woorde met die korrekte sinonieme.

**Lees die sinne en vervang die vetgedrukte woorde met sinonieme.** **[5]**

1. Die **meisie** speel in die park.

   ______________________________

2. Sy dra 'n **mooi** rok.

   ______________________________

3. Hy is baie **bang** vir spinnekoppe.

   ______________________________

4. Ek het baie **geskenke** vir my verjaarsdag gekry.

   ______________________________

5. Hulle het 'n **groot** hond.

   ______________________________




twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS


## Vraag 4: Skryf die sinonieme.

**Skryf 'n sinoniem vir elk van die volgende woorde.** **[5]**

1. gelukkig - ______________________________
2. sterk - ______________________________
3. pragtig - ______________________________
4. slim - ______________________________
5. vinnig - ______________________________

**Totaal: 20**





LIVEWORKSHEETS